

Skriflesing: Jona 1:17 – 2:10Teks: **Jona 2:9****VOORAF SANG – Sb.12-3 (Beryming van art 1 NGB)****TYDENS EREDIENS- Ps. 48: 1,5; Ps. 33:1,2,11; Sb. 1-1 (24):1,7; Sb. 10-2 (28b) Onse Vader****Jona 1:17 – 2:10****Jon 1:17** Toe stuur die Here 'n groot vis om vir Jona in te sluk, en hy was drie dae en nagte in die vis se maag.**Jon 2:1** Toe bid Jona daar binne-in die vis tot die Here sy God.**Jon 2:2** Jona het gesê: "In my nood het ek tot die Here geroep, en Hy het my gebed verhoor. Diep in die doderyk het ek hulp gevra, en U, Here, het my gehoor.**Jon 2:3** U het my die diepte ingegooi, diep in die see, en die watermassa het my omring. U het golf na golf oor my laat gaan.**Jon 2:4** Ek het gedink ek het uit u gesig verdwyn, maar tog sal ek weer u heilige tempel aanskou.**Jon 2:5** Die waters het my toegevou, die groot water het my omring, seegras was om my kop gedraai.**Jon 2:6** Ek het afgesak tot by die fundamente van die berge, die aarde het my vir altyd toegesluit. Maar U, Here my God, het my van die dood gered.**Jon 2:7** Toe ek wou vergaan, het ek aan die Here gedink, en my gebed het by U gekom, in u heilige tempel.**Jon 2:8** Dié wat op nuttelose afgode vertrou, verlaat Hom wat liefde aan hulle betoon.**Jon 2:9** Terwyl ek 'n loflied sing, wil ek aan U 'n offer bring; wat ek beloof het, sal ek doen. Hulp kom net van die Here af."**Jon 2:10** Toe beveel die Here die vis, en hy het vir Jona op die vasteland uitgespoeg.**Skriflesing:** Jona 1:17 – 2:10Teks: **Jona 2:9****Sing- VOORAF SANG – Sb.12-3 (Beryming van art 1 NGB)****TYDENS EREDIENS- Ps. 48: 1,5; Ps. 33:1,2,11; Sb. 1-1 (24):1,7; Sb. 10-2 (28b) Onse Vader**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, een woord wat oor groot wêrelddele gehoor word en wat besig is om met baie mense te gebeur, is dat daar oor ons 'n inperking geplaas word. 'n Klein virussie wat besig is om oor die wêreld heen verwoesting te saai maak dat mense in kleiner ruimtes hulleself moet afsonder wat die meeste van ons so iets nie gewoon is nie. Iets van in 'n kleiner ruimte te moet wees het my op 'n manier weer aan die profeet Jona laat dink. Ons kan sekerlik die ruimte waarbinne ons onself moet inperk en dit wat werklik Jona se klein ruimte was nie werklik met mekaar vergelyk nie. Jona se verhaal is in vele opsigte eenvoudig net te uitsonderlik, vêr verhewe wat ons werklik ons in ons kleiner ruimtes nie soveel moet deurgaans as wat Jona daardie drie dae en drie nagte in daardie klein ruimte van die ingewande van 'n vis ingeperk was nie.

Dit was sy inperking, broeder en suster, dis heeltemal anders as ons inperking, maar tog wil ek my voorstel, dit wat baie anders is, moet op 'n manier tog ook nie so anders wees nie. As ons besef tot watter groot waarhede en watter groot belydenisse Jona se inperking hom gebring het

en as van dieselfde waarhede en belydenisse in hierdie dae vanuit ons mag kom, dan het die dae van inperking meer as net 'n virus platter gedruk. Dan het daar iets in ons land, tussen ons mense, in ons kerke kon gebeur wat ons lank verwonder kan bly in wat het God deur hierdie virus nie laat gebeur nie. Wonderbaarlik groot is hierdie God wat deur 'n groot vis maar ook deur 'n klein virus, gedagtes, woorde en gewaarwordinge in jou kop laat gebeur wat daar vir lank nie oor stilgebly kan word nie. Die God se wonders en werke moet bly vertel word en Jona is maar 'n onderdeel van hierdie wonder en werke wat in hierdie dae van inperking nuut oor nagedink moet word en waaroor ons nie mag stilbly nie.

Jona se gebed herinner baie sterk ook aan die indeling van ons Kategismus. Ons weet dat die Kategismus het mos hierdie drie groot temas wat elke dag se lewe saamvoeg, nl. ek moet weet hoe groot my sonde en ellende is. In die tweede plek, ek moet weet dat ek verlos kan word en verlos is. En ook moet ek dankbaar wees vir dié verlossing wat op geen manier maar 'n gewoon aardse verlossing kon wees nie. Kom ons eenvoudig by hierdie indeling dan ook Jona se gebed in ons dae van inperking op 'n manier vergelyk met die geweldige inperking wat Jona se deel was. Eerstens dan:

Jona se sonde en ellende:

Dit wat Jona se sonde was, dit wat by Jona 'n groot ellende veroorsaak het, was soos baie sondes steeds getipeer kan word in een woord saamgevat, nl. ONGEHOORSAAMHEID! In Jona 1 vers 3 staan dit so duidelik. *Jona het klaargemaak om na Tarsis te vlug, weg van die Here af ...* God wat hom Nineve toe gestuur het, hy moes God se Woord en God se oordeel in 'n een-sin preek saamvat ... *nog veertig dae, dan word Nineve verwoes ...* Ja, Christus, die Woord van God en Christus se straf mag nie alleen dikwels gelyktydig gepreek word nie, maar moet altyd gelyktydig gepreek word. Terwyl niks hiervan van God se liefde geskei mag word nie. As Nineve hulle sou bekeer, dan was dieselfde Christus die Een wat 'n hele stad in die holte van sy hand kon toevou, selfs waar kindertjies nie eers weet die verskil tussen hulle regter en linkerhand nie, daar het God hulle klaar in sy hand toegevou (so vinnig gedagtig aan die einde van die boek).

Jona die politieke dominee, het ander planne, want hy wil nie Nineve toe gaan nie, hy het vir hom 'n enkelkaartjie op 'n skip geboek, Tarsis toe. Hy wat gestuur was om te gaan preek, hy

wat veronderstel was om eenvoudig profeet vir God te wees, ook vir 'n volk anders as sy volk, steek hom dwars in die krop. Hy is nie bereid om sy politieke trots prys te gee as die evangelie van jou selfverloëning eis en die tyd in jou lewe aanbreek soos ons in een van die Psalms ook sing, *vergeet jou volk, jou eie vlees, dat jy die Koningsbruid kan wees ...* Hierdie trots, self opgewende mens verheerliking en volks verheerliking laat hy toe in die pad van die Evangelie te kom staan en daarom kies hy eiewillig 'n skip Tarsis toe en dink hy ek sal van God kan wegvlug. Ek sal van hierdie besondere roeping wat God op my gelê het, kan wegvlug.

Hier het ons sy sonde reeds moes besef, jy moet nie dink jy kan van God wegvlug nie, dis al die eerste teken van sonde, net dit wat in my gedagtes is. Wanneer ek dieselfde sonde in daade omsit en inderdaad op 'n skip gaan klim wat ek dink ek kan van God wegvlug. Moet nie verbaas wees as die wêreld en God se see jou gaan inhaal nie, want God is besig om jou deur hierdie wêreld en see in te haal. Daar waar 'n skip vol matrose, dalk selfs elke dag se vloekende matrose beter getuies van God se mag en majesteit kon wees, as wat Jona op die stadium wat dit regtig moes saakmaak, dit nie was nie!

Matrose wat bid maar Jona wat slaap, al bid die matrose so verkeerd en so afgodies, maar Jona laat hom aan die slaap vang. In ons terme gesê, die kerk is aan die slaap, terwyl die wêreld vinnig besig is om wakker te skrik! Mag ons ook 'n tyd beleef waar meer as die wêreld gaan wakker skrik deur dit wat tans dwarsoor die wêreld gebeur. Mag kerke wat in so baie opsigte met verkeerde dinge besig is, met 'n afgewaterde, in baie opsigte 'n verdraaide, gif-versoete, sentimentele evangelie hulleself lankal aan die slaap begin sus het. Die tyd is hier vir die kerke om wakker te skrik en nie te maak asof wat oor die wêreld gebeur nie ook kan dui op die oordeel van God wat na gekyk en na geluister moet word as die Nineves van ons tyd hulle nie gaan bekeer nie.

As Jona binne die vis eintlik binne sy eie ellende ingeperk lê, soos wat die wêreld tans ook in sy eie ellende vasgevang lê, dan is vv. 2-6, ja eintlik die grootste deel van hierdie pragtige digterlike gebed, 'n gebed rondom sy sonde en ellende gesentreer. Jona sien dit dat God hom in die diepte van die see ingegooi het, ja dalk selfs tot 800m onder die water, swem die groot vis met hom ondertoe. Die mens is gemaak om boontoe te wil gaan, ja vliegtuie vlieg baie hoog, ja 'n

stratosfeer ballon is al 20 km die lug in, maar as ons ondertoe moet gaan, onder die aarde, onder die grond in, dan raak ons gouer benoud en gouer in die moeilikheid. As 'n myn 3 km ondergronds begin gaan, dan word dit al moeiliker om dieper af te gaan, terwyl 3 km bó die grond redelik maklik kom. Kyk ons nog verder na Jona se gebed wat sy sonde en ellende saamvoeg dan praat hy van hoe groot sy benoudheid was, hy voel hom in die hart van die see, binne die doderyk, in daardie diepte het God my gegooi. Strome het my omring, een groot watermassa, golf na golf slaan eenvoudig oor hom, ja hy voel hom van God verlate. Dis die verskriklikste as dit gebeur. In vers 4 sê hy dit in sy gebed- *4 Ek het gedink ek het uit u gesig verdwyn ...* Sy gebed staan meer letterlik dat *Ek is weggestoot, weg van U oë.*

Tog is dit juis dit wat ons ook moet aangryp. In sy mees God verlate gevoel, dan dink hy juis aan die kerk van sy tyd. Daar waar hy voel hy ervaar iets van die hel, want om van God verlate te wees, is inderdaad iets van die hel. Juis dan kom die tempel sy gedagtes binne. In dieselfde vers 4 waar hy van sy geweldige verlatenheid praat juis dan bid hy- *tog sal ek weer u heilige tempel aanskou.* In die toevou van waters, ja selfs seegras draai om sy kop, terwyl sy kop sekerlik ook op baie ander manier sou draai ... hy voel hom laer as die berge in die see. Diep onder die water beweeg hy by die voetenente van berge verby, (letterlik staan hier by die afsnypunt van die berge op die oseaan se vloer) ... verby berge waar daar dalk net hier en daar 'n spits van die berge bo die water kan uitsteek. So diep is hy ondertoe getrek, ingeperk, ja sy inperking gaan om meer as net die ingewande van die vis, dit gaan ook om daardie oomblikke waar ek besef nie alleen het 'n vis my ingesluk nie, maar inderwaarheid het die see my ingesluk. Dis hoe groot my inperking dan ook is. Die see so groot maar ek kan nie vir 'n oomblik daarbinne vrylik op my eie rondbeweeg nie. Die wêreld so groot, maar ons kan nie vir 'n oomblik sommer nou maar net vrylik die wêreld in hierdie dae rondbeweeg nie. Jona noem dit in die meer letterlike vertaling – *die grendels van die aarde het my vir altyd ingesluit.*

Mag met ons in hierdie tyd van inperking iets soortgelyk gebeur. Die tyd wat ek nie mag na die samekoms van die gemeente gaan nie, daar waar ek op 'n manier weggehou word van die tempel, mag ons verlange om tog na die tempel te gaan, om waarlik weer iets van die samekoms te mag hê, (dit wat aanskoue in die erediens moet word). Juis dan in hierdie tyd mag dit 'n al hoe groter wordende verlange word. Vir baie lank het ons dit dalk maar gewoon as net te

vanselfsprekend aanvaar, dat ek kan mos maar net kerk-toe gaan. Wie het ooit kon dink, daar kan 'n tyd wees, wat nie mense my weg hou nie, maar 'n tipe kiem, iets wat soos 'n virus kan aansteek, dit hou my weg, terwyl ek eintlik 'n verlange het om nie van die Here se Kerk en van die Here se mense weggehou te word nie. Jona in sy inperking beleef dit ... is dit ook wel iets van u belewenis in hierdie dae?! Terwyl Jona op so baie maniere sy eie inperking beskryf en in homself vasgekeer voel, tog is die genade in die inperking groter as die ellende self. Dit waarby ons in die tweede plek vandag by wil uitkom is die gedagte:

Ek moet weet dat ek verlos kan word en verlos is:

Jona wat gedink het hy boek 'n enkelkaartjie, God maak dit 'n retoerkaartjie. Al sal die vis hom terugbring waar hy aanvanklik gedink het hiervandaan wil ek wegvlug. Daarin sit genade, net in die besef, nie wat ek wil nie, maar wat U wil, o Here. Laat U wil geskied! As Jona in vers 6 vir die Here sê *U het my lewe uit die kuil opgetrek, HERE my God!* dan hoor ons duidelik die verlossing wat met Jona gebeur het. Dis wonderlike tye wat selfs in moeilike tye my kan oorrompel. As ek so God se hand in my lewe kan sien. Die God wat van 'n doodsverwachting 'n lewensverwachting kan maak.

Ja, die blote feit dat Jona uiteindelik by die punt gebring was om te bid is al so 'n besondere gebeurtenis. Hy wat wou dros word nou 'n man van gebed maar hy word ook een wat belydenis kan doen. 'n Gebed gevul met verskillende belydenisse word 'n besondere gebed. Om te bely is om dinge anders te doen as wat ek dit vantevore gedoen het. Ek wil dinge verander wat nie reg is nie. Dit is wat 'n belydenis in sy grond ook moet wees.

As ons die lysie van dinge mag noem wat vir Jona nou 'n belydenis kon word dan word dit ingrypente dinge. Die see, die water is nou vir hom God se hand (v.3). God het hierdie beproewing oor hom gebring. Hy bely dat hy verwyder is van die goddelike gemeenskap. Hy besef nou beter as ooit die waarde van God se tempel, dit wat hy nou so mis (vv. 4 en 7). Hy bely dat hulp kom net van die Here af. So sien hy sy hulp in die vis wat die Here gestuur het. Ook die feit dat die vis hom ook weer sou uitspoeg is God wat hom help. Wanneer Jona dit beklemtoon dat God hoor my gebed, ja hy sê dit twee maal, vv. 2 en 7 is alreeds 'n belydende troos en erkenning. Binne-in die vis is die besef van verlossing en die wete dat ek verlos is, iets wat Jona nie net laat bid nie, maar dit voer hom mee tot 'n lofsang.

Ja, skrifverklaarders wys daarop dat selfs die pragtige samestelling van Jona se gebed, sekerlik iets wat hy netjies opskrif kon gaan sit, lank nadat die vis hom uitgespoeg het, dit is 'n gebed deurtrek met aanhalings gehaal uit die Psalmboek. Dinge wat hy bid is aanhalings uit Ps. 18, Ps. 31, Ps. 42, Ps. 69, Ps. 142. Ja, taalkenners wys daarop hoe pragtig taalkundig die gebed werklik is, met versmaat en beeldspraak presies op plek ingevoeg. Dinge wat ons gewoonlik in 'n gedig aantref, dit is Jona se gebed. Dis die dinge wat hierdie gebed binne die vis gebed net nog mooier maak.

Dit wat dit wel tog nog mooier maak is die feit van verlossing en dat dit 'n verlose is wat hier bid. Hy wat in 'n lofsang kan aanhef – ja vers 9 bring die hoogtepunt- *9 Ek daarenteen sal aan U offer met 'n stem van lof; wat ek beloof het, sal ek betaal.* En dan veral hierdie woorde – *Die heil behoort aan die Here ...* Ons het verlede Sondag in Psalm 91 ook kon hoor hoe die digter die Psalm eindig- God wat in Psalm 91 sê – *Ek sal hom my heil laat sien ...* Jona is by dieselfde grootheid gebring- *Die heil behoort aan die Here ...* Van die Engelse vertalings vertaal dit gewoon- *Salvation is from the Lord.* Of die King James vertaling sê- *Salvation is of the Lord.* Die Hebreeuse woord vir heil kom van 'n stam wat verband hou met die woord - יָשַׁע (yasha) ... Daarin hoor u duidelik name wat met verlossing in verband gebring kan word- die naam Josua, die naam Hosea, maar ook die Een wat bó elke naam moet kom staan, die Naam Jesus ... As Jona dit sê dat *die heil behoort aan die Here*, dan gaan dit in alles oor Hom wat vir ons die heil gebring het. Hy wat vir ons die heil bewerk het. Hy ons heil, Hy ons *Yasha*... As ons by die heil van God kan uitkom, dan het ons eintlik uitgekome by wat ons laaste gedagte dan ook vandag is-

Ek moet dankbaar wees vir dié verlossing wat op geen manier maar 'n gewoon aardse verlossing kon wees nie.

Jona se verlossing was op geen wyse 'n gewoon aardse verlossing nie. Die feit dat hy deur 'n vis ingesluk is, daar is gewoon geen deeltjie daarvan gewoon aards nie. Dis so buitengewoon en so onherhaalbaar as wat kan kom. Geen mens wat hom so iets kan indink nie, gewoon is dit nie menslik moontlik nie. Dit is een groot wonder.

Dan nog weer, ons lees aan die einde van hoofstuk 2- *10 Toe beveel die Here die vis, en hy het vir Jona op die vasteland uitgespoeg.* Weereens daar spoeg die vis hom uit. Verlossing vind

plaas, hy staan waar die grond droog is en die aarde hard is. 'n Vis het my tot hier gebring. Iemand wat beweer dis gewoon aards sal sy kop moet laat lees. Dis so ongewoon en so groots dat baie mense wil beweer dat Jona kan nie histories waar wees nie. Dit is gewoon net te ongewoon om te glo. Daarom kry jy mense, selfs teoloë wat beweer Jona kan en mag nie histories gelees word nie, dit is eintlik maar allegorie en iets van 'n fabel wat ek die betekenis agter die beelde moet gaan soek. Alles is maar verbeelding en beeldspraak en die eintlike betekenis is eintlik net metafories.

Geliefdes, in plaas van dat sulke mense na ons Verlosser en verlossing ook kyk en besef ons is nie in ons verbeelding of maar net metafories verlos nie, ons is werklik in Christus verlos. Dit is 'n werklikheid, dit is 'n historiese feit, dit is iets wat heilshistories gebeur het en daarom kan ek heilsordelik my Verlosser ken en my verlossing besing. My Verlosser wat vir ons kom wys het, *die heil behoort aan die Here*. Hierdie Verlosser Jesus Christus wat in sy eie lewe Jona as die groot teken van sy verlossing kom aantoon het. Dit is Jesus wat die Fariseërs en skrifgeleerdes antwoord toe hulle vir Jesus sê: *Meneer ons wil 'n wonderteken van u sien*. Dan lees ons Jesus se antwoord in Mattheus 12:39-40- *39 Maar Hy antwoord hulle: "n Slegte en afvallige geslag vra 'n teken, en geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. 40 Soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van 'n groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte binne-in die aarde wees. 41 Die mense van Nineve sal op die oordeelsdag saam met die mense van vandag opstaan en teen hulle getuig. Hulle het hulle immers op die prediking van Jona bekeer. En hier staan Een wat groter is as Jona!*

As ons Jesus dit hoor sê- Hy wat meer is as Jona, Een groter as Jona en ons vier in die maand ook weer Paasfees, dan moet ons besef ons verlossing kon op geen manier 'n gewoon aardse verlossing wees nie. Dis groter as hierdie aarde, al het mense van hierdie aarde die Verlosser gekruisig. Sy kruis en sy liggaam en sy stem en sy wonde en sy bloed en sy dood is dit wat vir ons genesing gebring het, maar die eintlike punt en die uiteindelijke punt is die dood kon Hom nie vashou nie en die aarde kon Hom nie terughou nie, so min soos wat die vis Jona ingesluk kon hou. Op die derde dag na Vrydag se kruis het Jesus sy graf uitgegaan. Jesus verbind dit self aan Jona waar die vis hom uitgespoeg het. Vir Jesus was daar nou geen inperking meer nie ...

Mag ons dit saam met die mense van Nineve getuig ons het 'n Verlosser Wie se Naam Jesus is. Hulle wat Jesus nie kon sien nie, maar in Jona tog iets van Hom moes raaksien, dat as ek my bekeer dan het ek reeds die lewe. Ek ontvang nie my lewe op grond van my bekering nie, maar ek word bekeer omdat die lewe my reeds geskenk is. Redding is geen aardse bekering en gewoon maar net ek wat my lewe verander nie.

So aards is ons redding nie. Nee dis hemels, want God wat jou die lewe reeds geskenk het, Hy bekeer jou dat jy jou sal wil bekeer, soos dit in Jona deurgebreek het. Selfs 'n groot vis en die groot see kon hierdie bekering nie inperk nie. Op geen manier is Jona se lewe en sy bekering aards nie. Joune en myne kan dit ook nie wees nie. Mag ons werklik dankbaar wees, in alles net dankbaar, maar ook is hierdie dankbaarheid nie iets wat ek kan doen nie. As dankbaarheid my nie geskenk word nie dan sal ek ook nooit dankbaar kan wees nie. Soos redding alleen van God kon kom, die heil behoort aan die Here, so ook ons dankbaarheid. Dit behoort aan die Here. Mag God jou dit skenk, dat jy wel dankbaar kan wees. Dankbaar in hierdie tyd van inperking om te mag weet ons verlossing is op geen manier 'n gewoon aardse verlossing nie. Dit kan nie ingeperk word nie. Dit wat die wêreld na sy asem laat snak, baie wat nie weet wat hou die toekoms in nie. 'n Kleine virus het die wêreld aan die keel beet, maar ons wat verlos is, mag weet, ons toekoms eindig nie by hierdie aarde nie, soos wat Jona dit geskenk is, sy toekoms het nie by die vis geëindig nie. Dit was eintlik maar die begin.

AMEN